# HOOFSTUK 3

# GROEPTERAPIE AS SOSIALE HEROPVOEDINGSHULP AAN VERSTANDELIK GESTREMDE, GEDRAGSGEREMDE ADOLESSENTE DOGTERS IN 'N KLINIEKSKOOL

## 3.1 INLEIDING

Die klem val in hierdie studie op die implikasies wat verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters se volwassewordingsgeremdheid het op hul vermoë om sinvol te kommunikeer met hul leeftydgenote en sinvolle verhoudinge te handhaaf. Die doel van groepterapie by hierdie dogters sal dan wees die ontplooiing van hul sosiaal-kommunikatiewe vermoëns; dit wil sê hul vermoë om met andere in egte interpersoonlike kommunikasie te tree en beter interpersoonlike verhoudinge te handhaaf. Sodoende vind daar aktualisering van hul sosiale bestaanswyse plaas.

Die aard en wese van groepterapie as kommunikasiegebeure moet dus deurskou word ten einde die waarde daarvan te bepaal as pedoterapie aan verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters in 'n kliniekskool. Om hierdie doel te bereik word die **ontstaan** van groepterapie as hulpverleningsmetode oorsigtelik bespreek. Die **terapeutiese faktore** wat tydens groepterapie werksaam is word uiteengesit. Aan die hand van **navorsingsbevindinge** word die waarde van groepterapie aan verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters in 'n kliniekskool verder belig. Die **verbetering van interpersoonlike kommunikasie as die doelstelling van groepterapie** word ondersoek. In die laaste plek word uiteengesit waarom die meer "aksiegerigte" **ontmoetingsgroeptegnieke**, wat gebaseer is op spel en psigodrama, besonder geskik is vir verstandelik gestremde kinders, wat moeilik hul gevoelens en gedagtes kan verbaliseer. Enkele van die tegnieke wat gebruik is, word bespreek. Die waarde van **hulpterapeute** word bespreek.

Laastens word verskillende benaderings tot die **evaluering** van groepterapeutiese resultate uiteengesit.

## 3.2 DIE ONTSTAAN VAN GROEPTERAPIE AS PSIGOTERAPEUTIESE HULPVERLENINGSMETODE

In die moderne tyd het die Psigiatrie, die Sielkunde en die Sosiologie toenemend begin belangstel in die verhouding tussen die groeplidmaatskap van 'n individu en sy geestesgesondheid. Die aanname is gemaak dat geestesgesondheid afhanklik is van suksesvolle inskakeling in 'n groep (Lakin, 1985:11-12).

In Amerika en Brittanje is in die huidige eeu toenemend gebruik gemaak van groepterapie. Veral tydens die Tweede Wêreldoorlog het die gebruik van groepterapie in die psigiatrie vinnig toegeneem as hulpverleningsmetode aan die groot getal individuele oorlogspasiënte. In die vyftigerjare is begin om groepterapie ook in die Kliniese Sielkunde toe te pas. Dit was Jacob Moreno wat vir die eerste keer in 1953 die term "groepterapie" die lig laat sien het (Yalom, 1985:504).

### 3.2.1 Groepterapie en die ontmoetingsgroep

Ook die groepdinamiese beweging, wat tydens en na die Tweede Wêreldoorlog ontwikkel het, het 'n groot invloed uitgeoefen op groephulpverlening. Hierdie beweging het in 1946 ontstaan onder leiding van Kurt Lewin. Hulle het 'n noukeurige studie gemaak van die wyse waarop die groep gebruik kan word as 'n metode om persoonlike en sosiale verandering te weeg te bring. So het die sogenaamde T-groepe ("training in human relations") ontstaan (Yalom, 1985:490; Lakin, 1985:30-31).

Met verloop van tyd het die doel van die T-groep verander van opvoeding in menseverhoudings na persoonlike verandering en selfaktualisering. In die middel van die sestigerjare het Carl Rogers die term "ontmoetingsgroep" ("encounter group") bekend gestel. In die ontmoetingsgroep is klem gelê op egte ontmoeting van die mens met homself, sowel as met die ander in die groep. Die belewinge in die ontmoetingsgroep is nie beskou as terapie nie, maar as persoonlikheidsgroei (Yalom, 1985:489-496; Lakin, 1985:

26; Rogers, 1970:15-37). Mettertyd het die gaping tussen die ontmoetingsgroep en groepterapie begin verdwyn, aangesien kliniese sielkundiges al meer betrokke begin raak het by ontmoetingsgroepe. Kliniese navorsers het baie geleer van T-groepnavorsing, soos byvoorbeeld die hier-en-nou-benadering, wat klem lê op die interaksie wat binne die groep plaasvind en die gebruik van gestruktureerde oefeninge (Lakin, 1985:29-30; Yalom, 1985: 490-491, 505-506).

Die sogenaamde ontmoetingsgroep bestaan nie meer nie, maar baie van die tegnieke daarvan word vandag nog steeds benut in groepe wat gerig is op die verbetering van kommunikasie en sosiale vaardighede. Meer mense as ooit tevore neem huidiglik deel aan ontmoetingsgroepervaringe (Yalom, 1985:487-488).

Volgens Yalom (1985:48) en Rose (1988:466) dui navorsing daarop dat groepterapie feitlik net so suksesvol is as individuele terapie.

### 3.2.2 Groepterapie met nie-volwassenes

Groepterapie met nie-volwassenes is in 1943 bekendgestel deur Slavson. Hy het besef dat kinders hul innerlike self moontlik beter tot uiting sou laat kom deur middel van aktiwiteite, eerder as woorde. Sy terapie het dus bestaan uit aktiwiteitsgroepe vir pre-adolessente. Die hoofdoel van die terapie was die bevordering van persoonlike groei (Callias, 1990:872).

In 1947 het Axline groepspelterapie bekend gestel, wat gebaseer is op die nie-rigtinggewende beginsels van Carl Rogers (Callias, 1990:872). Ook in die behaviouristiese denkskool word van groepterapie gebruik gemaak as hulpverleningsmetode vir kinders. Gedragsbeginsels en -tegnieke word aangewend om probleme in die groep op te los. Nuwe interpersoonlike gedrag word deur middel van rolspel aangeleer en ingeoefen (Callias, 1990:872). In transaksionele analise, gebaseer op die interpersoonlike teorieë van Eric Berne, leer die kind om verskillende sosiale rolle te ver-

tolk, gebaseer op die interpersoonlike "speletjies" wat mense speel (Lennox, 1982:28-60). Lennox (1982:181) het ook 'n program van ontmoetingsgroepspeletjies saamgestel om teruggetrokke kinders te help om met mekaar in interaksie te tree en emosionele konflikte op te los.

Volgens Tarnow (1986:11) is waardevolle insigte ten opsigte van groepterapie as hulpverleningsmetode aan kinders verkry deur die navorsing wat die afgelope kwarteeu gedoen is.

## 3.3 DIE WAARDE VAN GROEPTERAPIE MET VERSTANDELIK GESTREMDE, GEDRAGSGEREMDE ADOLESSENTE DOGTERS IN 'N KLINIEKSKOOL

Skrywers soos Schlebusch (1979:62), Wilson & Hersov (1990:830), Ohlsen (1964:171) en Heyns (1971:1-2) is dit eens dat adolessente berug is vir hul weerstand teen "behandeling". Hulle vind dikwels psigoterapie bedreigend en werk nie geredelik saam nie. Omdat adolessente nie belangstel daarin om probleme uit hul kinderjare te ontrafel nie, is dit moeilik om tydens terapie vorige ervarings met hulle deur te werk. Huidige probleme is vir hulle meer belangrik. Hulle is bang vir die gevoelens van passiwiteit en afhanklikheid wat in 'n terapeutiese verhouding mag ontstaan en streef eerder na privaatheid.

Schlebush (1979:65) en Lippman (1962:84-85) wys verder daarop dat veral gedragsgeremde adolessente gekenmerk word deur 'n gebrekkige vermoë om hegte verhoudings te handhaaf, soms oor swak verbale vermoëns beskik en sterk verdedigend is.

Teenoor die adolessent se "skuheid" ten opsigte van die volwasse terapeut staan sy aangetrokkenheid tot sy portuurgroep. Jeugdiges hou daarvan om by mekaar te wees en om dinge saam te doen en saam te beleef (Vulsma, nie-gedateerd:10). Intense eensaamheid as gevolg van die afwesigheid van verbondenheid en gemeenskaplikheid kom veral voor tydens adolessensie (Johnson, 1985:3). Om in ontmoeting te kom met sy tydgenote is vir die adolessent in ons wêreld van vervreemding van groot betekenis (Kotze, nie-

gedateerd:11). Vir die adolessent is die portuurgroep 'n belangrike bron van selfkennis en kommunikasiebeoefening. Navorsing dui selfs daarop dat die belangrikheid van die portuurgroep vir die adolessent toeneem, terwyl die invloed van die gesin afneem (Wiechers & Bester, 1988:118). Kontak met leeftydgenote kan in sigself 'n belangrike rol speel om gevoelens van isolasie, wanhopigheid en hulpeloosheid teen te werk.

Navorsing dui verder daarop dat daar tydens effektiewe groepterapie sekere terapeutiese of herstellende faktore werksaam is, wat ook vir adolessente van groot waarde kan wees. 'n Oorsig word vervolgens gegee van hierdie terapeutiese faktore, met die werk van Yalom (1985:1-4), Shertzer & Peters (1965:51-52) en Shertzer, Peters & Van Hoose (1965:166-7, 169-170) as riglyne.

### 3.3.1 Die terapeutiese faktore wat werksaam is tydens groepterapie

#### 3.3.1.1 Universaliteit

Binne die terapeutiese groep kry adolessente die geleentheid om te beleef dat ander mense gedagtes, gevoelens en probleme het soortgelyk aan hulle eie. Dit bied die tipe van steun wat nie deur individuele terapie verleen kan word nie. Die isolasie wat dikwels kenmerkend is van die adolessent met probleme word verbreek en die gevoel van onsheid wat geskep word is gerusstellend (Jacobs, Harvill & Masson, 1988:2; Yalom, 1985:7; Ohlsen, 1964: 148).

#### 3.3.1.2 Die vestiging van hoop

Geloof in die effektiwiteit van terapie is in sigself genesend. Deur gesprek en voorbeelde in die groep word hoop gevestig. Die persoon ervaar dat daar andere is wat soortgelyke en selfs groter probleme oorkom het (Yalom, 1985:7).

### 3.3.1.3 Groepsamehorigheid

Die basis van enige suksesvolle terapie is 'n terapeutiese verhouding wat gekenmerk word deur vertroue, warmte, empatie en aanvaarding. Binne die groep word die vertrouensverhouding uitgebrei van die terapeut na die ander groeplede. Hierdie verhouding staan bekend as groepsamehorigheid. Dit is die resultaat van alle positiewe faktore wat die groep vir die lid aantreklik maak. Hoe waardevoller 'n groep vir 'n individu is, hoe meer sal hy die waardes en norme van die groep aanvaar (Beyers, 1989:651-652). Groepsamehorigheid impliseer onderlinge aanvaarding, ondersteuning en vertroue. Dit vervul ook in 'n mate die adolessent se behoefte aan liefde en om aan ander te behoort en vir hulle belangrik te wees. Volgens Lakin (1985:157) is aanvaarding een van die primêre terapeutiese faktore in die groep. Onvoorwaardelike aanvaarding van 'n persoon lei tot selfaanvaarding. Die persoon wat meer positief voel oor homself se gedrag word ook meer positief (Rogers, 1970;31,33).

Groepsamehorigheid is 'n noodsaaklike voorwaarde vir effektiewe terapie. Dit maak selfopenbaring en intra- en interpersoonlike eksplorasie moontlik en skep sodoende geleentheid vir die herstellende werking van die terapeutiese faktore (Yalom 1985:50). Volgens Spotnitz (1980:96,100) bied die groep aan die individu 'n groter spektrum van opbouende emosionele ervaringe as wat 'n individuele terapeut kan bied. Hierdie opbouende emosionele belewenisse is terapeuties en lei tot persoonlikheidsgroei.

Volgens Yalom (1985:100) het die basiese, intieme ontmoeting op sigself terapeutiese waarde. **Die wese van die terapeutiese ervaring is om daar te wees vir die ander - om saam bymekaar te wees in die teenwoordigheid van probleme en lewenswerklikhede. Deur wedersydse ontmoeting word die terapeutiese faktore in werking gestel.**

Volgens Wolberg en Aronson (1980:154) is 'n positiewe groepervaring vir vele adolessente die eerste keer dat hulle besef dat

"ons daar is vir mekaar en op mekaar kan reken." Hierdie soort ervaring is veral belangrik vir die adolessent wat vervreem is van sy gesin, sy skool en sy vriende. Ook die skaam persoon word aangemoedig deur die ander se deelname. Die groep bied egter ook geleentheid tot vermyding van intieme verhoudings wanneer 'n lid nog nie gereed is daarvoor nie (Lask & Lask, 1981:131).

3.3.1.4 **Katarsis**

Katarsis is die gebeure waardeur 'n persoon verligting van spanning verkry deur die oorsaaklike omstandighede in woord, daad of verbeelding te herleef (Gouws et al., 1982:3,145). Katarsis is nog altyd beskou as van groot terapeutiese waarde. Dit is dikwels makliker vir adolessente om hul diepste gevoelens en gedagtes in 'n groep tot uiting te bring as tydens individuele terapie. Hulle kry ook geleentheid om hul negatiewe gevoelens uit te spreek teenoor diegene wat hulle ontoereikend laat voel. Deurdat hul gevoelens aanvaar word, kry hulle groter selfagting. Dit stel hulle in staat om meer konstruktiewe gevoelens uit te spreek en leer hulle ook hoe om hul gevoelens en behoeftes te beheer.

Yalom (1985:84) wys egter daarop dat katarsis slegs kan lei tot verandering as dit gepaard gaan met kognitiewe leer en insig.

3.3.1.5 **Voorstelling van primêre gesinsverhoudinge**

Volgens Yalom (1985:15-16) en Unger (1990:353) kan die groep gesien word as 'n simboliese herskepping van gesinsverhoudinge. Persone in groepterapie het gewoonlik 'n geskiedenis van hoogs onbevredigende verhoudinge in die primêre opvoedingsituasie. Die persoon sal binne groepverband sy gedragswyses in sy gesinsituasie openbaar. Die hier-en-nou benadering het dus ook besondere diagnostiese waarde ten opsigte van interpersoonlike verhoudingsprobleme.

### 3.3.1.6 Die aanleer van sosiale vaardighede

Groepdeelname bied aan die individu die geleentheid om sosiale vaardighede te ontplooi en verhoudinge met die portuurgroep te verbeter (Yalom, 1985:17; Rose, 1988:440; Callias, 1990:883). Die groep bied 'n wyer spektrum van verhoudinge as 'n een-tot-een situasie. Dit bied die geleentheid om verskillende kommunikasiewyses uit te toets (Rose, 1974:9-10; Lask & Lask, 1981:132). Deur terugvoer vanuit die groep leer persone om op meer aanvaarbare wyses op te tree (Ferencik, 1990:360-361).

In die groep leer die adolessent om met andere saam te werk. Hy leer om die regte van andere te respekteer, om kritiek te gee en te aanvaar en om individuele verskille te aanvaar. Hulle leer dus om op meer buigsame en bevredigende wyses met mekaar om te gaan en om meer empatie te hê met andere. Persoonlike verhoudinge word bevorder en dit lei tot groter selfvervulling (Stone & Whitman, 1980:102, 115; Lakin, 1985:98; Douglas, 1976:46). Positiewe sosiale interaksie lei tot groei en volwassenheid.

### 3.3.1.7 Selfkennis deur middel van interpersoonlike leer

Binne die vertroude atmosfeer van die groep het die adolessent geleentheid om sy interpersoonlike reaksies te ondersoek en homself bloot te lê. Die adolessent kry ook die geleentheid om te sien hoe andere eerlik teenoor hom reageer oor 'n tydperk van weke of selfs maande. In die groep kan hy sy gevoelens, ervarings en gedrag ondersoek en nuwe selfinsig verkry. Interpersoonlike leer vind plaas, omdat die adolessent sy gedrag wysig op grond van die terugvoer vanuit die groep (Yalom, 1985:26; Lask & Lask, 1981:135, Ohlsen, 1964:148).

Irrasionele opvattings word verander deur die meer realistiese opvattings van andere. Groeplede leer ook baie deur te luister na andere se bespreking en hantering van probleme soortgelyk aan hulle eie. Adolessente mag moontlik ook meer bereid wees om die voorstelle van hul tydgenote te aanvaar as die van volwassenes.

'n Persoon leer binne die groep deur die terapeut en ander kliënte waar te neem (Yalom, 1985:17). Die adolessent vind veral baat by die waarneming van die volwasse terapeut as rolmodel van effektiewe interpersoonlike omgang en probleemhantering. Die groep bied verder geleentheid vir die inoefening van nuwe houdings en gedrag in 'n ondersteunende atmosfeer. Dit maak oordrag na ander situasies makliker (Rose, 1988:440-443).

#### 3.3.1.8 Altruïsme

Binne die groep leer 'n persoon hoe om andere te versterk en te steun (Rose, 1988:443). Volgens Yalom (1985:14) voel persone wat begin met terapie dikwels dat hulle niks het om aan andere te bied nie. Vir 'n persoon om binne 'n groep te beleef dat hy vir andere van betekenis kan wees, lei tot groter selfagting. Ware selfaktualisering vind plaas as 'n persoon daarin slaag om van die self te vergeet en "op te gaan" in iemand anders. Die terapiegroep verleen hom by uitstek tot hierdie ervaring. Om vir sy leeftydgenote van hulp en waarde te wees, is ook vir die adolessent van groot belang (Ohlsen, 1964:148). Die kind leer om in die gevoelens en probleme van andere te deel en vir hulle om te gee. Vervulling van hierdie behoefte is veral waardevol ten opsigte van die adolessent met probleme.

#### 3.3.1.9 Eksistensiële faktore

Yalom (1985:100) wys daarop dat daar sekere bestaanswerklikhede is wat die individu binne groepterapeutiese verband moet leer aanvaar, naamlik

* dat elke mens die basiese feite van sy lewe in die gesig moet kyk, en
* dat elke mens verantwoordelik is vir sy eie lewe, asook vir sy optrede in die groep.

Binne 'n ortopedagogiese raamwerk is groepterapie 'n heropvoedingsituasie, waar daar waarde-oordrag plaasvind ten opsigte van

die self en die medemens, en ook ten opsigte van die sinvolheid van die eie bestaan. Volwassewordingsgeremde adolessente word in die groep gesteun ten opsigte van die opneem van groter verantwoordelikheid vir die self en die eie lewe, asook vir die welsyn van die ander in die groep.

3.3.1.10 **Samevatting**

Bach (1954:3) som groepterapie raak op as hy sê dat dit 'n unieke ervaring is in ons kultuur. In geen ander groepsituasie is dit vir 'n individu moontlik en veilig om emosionele belewinge van 'n baie persoonlike aard met andere te deel nie. In geen ander situasie is daar geleentheid vir 'n persoon om homself waar te neem in interaksie met andere nie, en die waarnemings te vergelyk met andere se indrukke nie. Dit wil voorkom asof die terapeutiese groep op unieke wyse voldoen aan sekere persoonlike behoeftes. Die groeplewe is potensieel by uitstek die ideale medium vir die verwerwing van eiewaarde, selfkennis en begrip vir andere.

Volgens Opalic (1990:168) is die sukses van groepterapie egter nooit gewaarborg nie, maar word dit bepaal deur verskeie faktore, soos die aard van die groeplede, die aard van hulle probleme, hulle motivering vir terapie en die benadering van die terapeut. Groepterapie sal slegs geslaag wees indien die terapeut sorg dra dat daardie groepnorme gevestig word wat sal lei tot terapeutiese groei (Yalom, 1985:116-117).

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat groepterapie ook van groot waarde kan wees as hulpverleningsmetode aan adolessente. Die vraag wat nou verder beantwoord moet word is of groepterapie geskik sal wees as hulpverleningsmetode aan verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters in 'n kliniekskool. Vervolgens word 'n oorsig gegee van navorsing wat in hierdie verband gedoen is.

### 3.3.2 Groepterapie met verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente in terapeutiese inrigtings.

Daar is nie 'n wesenlike verskil tussen die beginsels wat geld vir groepterapie met kinders, pre-adolessente en adolessente nie. Die tegnieke en benaderings mag wel verskil. Verstandelik gestremde pre-adolessente en adolessente val ook dikwels, wat verstandsouderdom betref, eerder in die kindergroep. Navorsing wat betrekking het op groepterapie met kinders word dus vir die doel van hierdie ondersoek beskou as van toepassing op verstandelik gestremde pre-adolessente en adolessente.

#### 3.3.2.1 Gedragsgeremde adolessente

Volgens Schlebusch (1979:68) is groepterapie 'n algemene hulpverleningsmetode aan adolessente met gedragsprobleme. Trojanowicz (1973:298-299) is van mening dat adolessente met gedragsprobleme eerder deur hul portuur beïnvloed sal word as deur professionele hulpverleners.

Roets (1990a:5) het bevind dat groepterapie met vroeë adolessente dogters met geringe gedragsprobleme gelei het tot groot verbetering in selfvertroue, motivering, sosialisering asook selfbeeld. Daar was ook 'n duidelike afname in die angsvlak en in depressie by die meeste van die dogters. Positiewe terugvoer is verkry vanaf ouers, onderwysers, sowel as die dogters self.

#### 3.3.2.2 Verstandelik gestremde adolessente

Verstandelik gestremde adolessente beleef dieselfde probleme as gewone adolessente wat pedoterapie ontvang, naamlik 'n swak selfbeeld, ontoereikendheid in sosiale verhoudinge, probleme met ouers en die portuur en probleme van selfbeheer. Hul probleme word ook veroorsaak deur dieselfde dinamiese faktore as die van verstandelik normale adolessente. Dit is dus verantwoordbaar om aan te neem dat dieselfde metodes van terapeutiese hulpverlening

vir beide groepe aangewend kan word (Fisher & Wolfson, 1957;186; Suran & Rizzo, 1979:91).

Groepterapie aan verstandelik gestremde adolessente word dan ook toenemend erken as 'n doeltreffende vorm van hulpverlening, veral in inrigtings. Dit word beskou as 'n ekonomiese en effektiewe benadering tot die verbetering van sosiale en kommunikasievaardighede. Verder verlig dit gevoelens van angs, isolasie en nutteloosheid en lei dit tot gevoelens van kameraadskap en samehorigheid by verstandelik gestremdes. Dit lei ook tot groter verantwoordelikheid en selfbeheer (Suran & Rizzo, 1979:91; Slivkin & Bernstein, 1970:231-233; Mowatt, 1970:433).

Verstandelik gestremde adolessente het gewoonlik 'n swak selfbeeld en het 'n behoefte daaraan om 'n meer positiewe identiteit vir hulself te verwerf. Omdat hulle dikwels mislukking en verwerping ervaar, gee hulle gou moed op in konfliksituasies. Die gevolglike psigiese pyn kom tot uiting in hiperaktiewe gedrag of onttrekking en in 'n toenemende vermyding van die lewenseise.

Die onbeheersde gedrag wat soms voorkom by verstandelike gestremdes kan lei tot verdere verwerping deur belangrike persone in hul omgewing. So ontstaan 'n bose kringloop van spanning, onbeheersde uitbarstings, verwerping en verhoogde spanning met minagting van die self as uiteinde. Die waarde van groepterapie met verstandelik gestremdes lê juis daarin dat dit meehelp om hierdie negatiewe gedragswyse te verander, omdat hulle in die groep geleentheid kry om hul gevoelens tot uiting te bring (Slivkin & Bernstein, 1970: 449-450).

Slivkin en Bernstein (1970:435-437; 451) het dan ook bevind dat groepterapie wel gelei het tot meer insig en verbeterde gedrag by die betrokke jeugdiges en dat dit ook gelei het tot verbeterde inskakeling in die gemeenskap. Ook Cotzin (1957:184) het bevind dat groepterapie met verstandelik gestremde seuns gelei het tot verbeterde sosiale inskakeling. Volgens hom lê die besondere waarde van groepterapie met verstandelik gestremdes daarin dat

hulle geleentheid kry om op konkrete wyse hul innerlike konflikte en probleme tot uiting te bring. Die konkrete uitlewing van hul eie probleemgedrag, sowel as die van andere, kan lei tot selfinsig.

Fisher en Wolfson (1957:197) het bevind dat groepterapie met verstandelik gestremde pre-adolessente dogters gelei het tot verbeterde gedrag buite die groep. Die aggressiewe dogters het stiller geword, beter samewerking getoon, minder gestry, was meer liefdevol, het gesag beter aanvaar, het meer belangstelling getoon in leersituasies en was minder geneig om te probeer aandag trek. Een van die twee dogters wat teruggetrokke was, het meer begin belangstel in haar omgewing, was minder in haarself gekeer, het meer belanggestel in leersituasies en was sosiaal minder geïsoleerd. Groepterapie kan dus besondere waarde hê ten opsigte van die sosiale volwassewording van verstandelik gestremde kinders. Michal-Smith, Gottsegen en Gottsegen (1957:201) ondersteun hierdie siening.

Tarnow (1986:15, 177) het bevind dat verstandelik gestremde seuns deur middel van groepterapie gehelp is om meer selfversekerd en selfstandig op te tree. Meerdere liggaamskennis en -beheersing is bespeur en aggressie het verminder. Groter gehoorsaamheid, samewerking en inspanning het hul gedrag gekenmerk.

### 3.3.2.3 **Groepterapie in terapeutiese inrigtings**

Vanweë hul vorige traumatiese ervarings met volwassenes en hul vrees vir verdere verwerping, bied adolessente in 'n inrigting dikwels sterk weerstand teen noue kontak met die personeel. In hierdie omstandighede word die kind gedryf na diegene by wie hy aansluiting en aanvaarding vind, naamlik sy leeftydgenote. Vandaar die sterk groepgebondenheid by die inwoners van kinderinrigtings en hulle vasklewing aan die norme en kodes van die inrigtingsubkultuur. Hierdie subkultuur, met sy eie hierargieë en gedragskodes, plaas die kind dikwels buite die sfeer van die inrigting se opvoedkundige pogings (Jones, in Heyns, 1971:2).

As antwoord op hierdie probleem hou groepterapie groot moontlikhede in as ortopedagogiese hulpverleningsmetode. Die benutting van die kind se groepgerigtheid, met die inskakeling daarby van 'n terapeut wat met liefde en begrip optree, verleen aan groepterapie 'n unieke terapeutiese potensiaal, aldus Heyns (1971:2).

Vulsma (nie-gedateerd:18) beskou groephulpverlening aan kinders in terapeutiese inrigtings as 'n noodsaaklike aanvulling tot individuele pedoterapie. Volgens hom het die dinamiek van die groep onvervangbare waarde vir die kind. Clifford en Cross (1980: 560,564) ondersteun hierdie siening. Bakker (1987:15) wys daarop dat dit uiters belangrik is dat die kind in 'n terapeutiese inrigting moet beskik oor daardie sosiale vaardighede wat suksesvolle terugkeer na die gesin en gemeenskap sal moontlik maak. Daarom vorm die aanleer van hierdie vaardighede 'n belangrike komponent van die residensiële ortopedagogie in Nederland.

Volgens Bednar en Lawlis (1971:820) dui navorsing op die potensiële waarde van groepterapie in inrigtings, afgesien van die aard van die inrigtingpopulasie.

Yalom (1985:463-466) sit die waarde van groepterapie met persone in 'n terapeutiese inrigting as volg uiteen:

* Om die persoon te betrek by iets wat hy as konstruktief en ondersteunend beleef, sal hom meer ontvanklik maak vir individuele hulpverlening.

* Probleme wat tydens individuele terapie deurgewerk moet word, word blootgelê.

* Die groep kan beskou word as 'n "laboratoriumoefening" wat gemik is op die inoefening van kommunikasievaardighede. Verbeterde kommunikasievermoë sal persone help om verhoudinge binne en buite die inrigting te verbeter en isolasie te verminder.

Die voorafgaande bespreking dui daarop dat groepterapie moontlik met sukses toegepas kan word as hulpverleningsmetode vir verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters in die kliniekskool. Die voorafgaande uiteensetting van die groepterapeutiese faktore (vgl. paragraaf 3.3.1), asook die bostaande stellings van Yalom dui daarop dat die doel van groepterapie wesenlik is om mense te help om in ware kommunikasie (ontmoeting) met mekaar te tree. Dit blyk dus verantwoordbaar te wees om in hierdie ondersoek die verbetering van interpersoonlike kommunikasie te beskou as die doelstelling van groepterapie. Hierdie stelling word vervolgens kortliks begrond.

## 3.4 VERBETERDE INTERPERSOONLIKE KOMMUNIKASIE AS DOELSTELLING VAN GROEPTERAPIE MET VERSTANDELIK GESTREMDE, GEDRAGSGEREMDE ADOLESSENTE DOGTERS IN 'N KLINIEKSKOOL

Groepterapie is reeds in paragraaf 1.4.3. pedoterapeuties begrond. Daar is aangedui dat die herstel van kommunikasie tussen die pedoterapeut en die kind lei tot herstel van die kind se kommunikasie met sy leefwêreld, wat homself en die naaste insluit. Groepterapie kan beskou word as 'n uitbreiding van die kommunikasiegebeure. Onder leiding van die pedoterapeut kan verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters met mekaar in interaksie tree en kan die waardes van sosiale omgang beleef en voorgeleef word. Die blote belewenis van menswaardige interaksie is vir hierdie dogters 'n kosbare geleentheid, juis omdat aggressie en nie-menswaardige interaksie so kenmerkend is van hulle interpersoonlike kommunikasie.

Die doel van groepterapie met verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters in 'n kliniekskool is dus om 'n geleentheid te skep vir die verwesenliking van interpersoonlike kommunikasie met die leeftydgenote binne groepverband. Die doel is nie om die kommunikasiegeremdheid te probeer ophef nie, maar eerder om te ondersoek of daar 'n verheffing is in die vlak waarop hierdie dogters kommunikeer.

Vervolgens word kortliks uiteengesit op watter wyse kommunikasie tydens groepterapie met hierdie dogters voltrek word, met verwysing na die terapeutiese faktore wat uiteengesit is in paragraaf 3.3.1.

### 3.4.1 Gevoelskommunikasie

Hierdie aspek van kommunikasie handel oor gevoelsbelewing, gevoelsuiting en gevoelsmeelewing. Groepterapie bied geleentheid aan verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters om bewus te word van hul eie gevoelens, sowel as die van hul maats. Hulle kry geleentheid om positiewe, asook negatiewe gevoelens op aanvaarbare wyse tot uiting te bring. Hulle moet ook hul gevoelens leer beheer. Verder kry hulle die geleentheid om hulle in te leef in die gevoelens van andere en groter begrip daarvoor te verkry. So leer hulle wat meegevoel beteken.

### 3.4.2 Magskommunikasie

Die magsaspek van kommunikasie verwys na die aanvaarding van die gesag van die terapeut, sowel as die gesag van groepnorme. Die persoon wat gesag voldoende aanvaar is in staat tot selfhandhawing, sonder om andere te wil oorheers, of hulle te laat oorheers. Binne die groep leer verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters om die gesag van die terapeut te aanvaar. Hulle leer ook om die norme van aanvaarbare optrede binne die groep te aanvaar. Geleentheid word geskep vir gesonde selfhandhawing en die neiging tot passiewe onderworpenheid word teëgewerk. Manipulerende gedrag word deur die groep, asook deur die opvoedingshandelinge van die terapeut, afgewys.

### 3.4.3 Buigsaamheid

Buigsaamheid verwys na 'n persoon se vermoë om in te skakel en hom te skik na omstandighede. Dit dui ook op toegeeflikheid, samewerking en spontaneïteit. In die groep leer verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters deur middel van interaksie om

meer verdraagsaam en buigsaam te wees teenoor andere. Hulle kry ook geleentheid om deel te hê aan 'n verskeidenheid aktiwiteite wat lei tot groter spontaneïteit en minder rigiede denke en optrede. Deur verskillende gedragswyses waar te neem en self uit te toets, kan hulle nuwe, meer positiewe gedragswyses aanleer.

### 3.4.4 Erkenning van die ander

Erkenning van die ander beteken dat 'n persoon andere met wie hy in aanraking kom raaksien as medemens, aan hom agting betoon en aan hom die goeie lewe gun. Groepterapie bied by uitstek 'n geleentheid om die eie menswaardigheid, asook die van andere, te leer ken. Verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters beleef toenemend die aanvaarding van die terapeut en die portuurgroep. 'n Nuwe, meer positiewe betekenis word aan die self en die leeftydgenote gegee. Die dogters leer om mekaar met respek te behandel. In die groep leer hulle ook mekaar se kwesbaarheid en hartseer ken.

### 3.4.5 Rasionele denke

By rasionele denke gaan dit daarom dat 'n persoon homself, andere en die werklikheid moet verstaan soos wat dit werklik is. In die groep kry verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters geleentheid om insig te verwerf in die self, die leeftydgenote en in interpersoonlike verhoudinge. Sodoende word irrasionele sienings verander en verkry hulle begrip vir mekaar.

### 3.4.6 Gesprekvoering

Ware gesprekvoering vereis die bereidheid om met andere in openlike en eerlike gesprek te tree, om die self deur gesprek bloot te lê en om ook met ware belangstelling na andere te luister. In die groep kry verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters kans om werklik te sê wat hulle dink en om oor hulself te praat. Hulle vind dit dikwels besonder moeilik om in 'n groep te praat. Blote

deelname aan gesprek is reeds 'n teken van vordering. Die dogters leer ook dat dit belangrik is om na mekaar te luister.

### 3.4.7 Ontmoeting

Interpersoonlike ontmoeting is die hoogste vlak van interpersoonlike kommunikasie. Dit omsluit al die ander wesenskenmerke, soos dit reeds uiteengesit is. Mense tree met mekaar in ontmoeting as hulle mekaar onvoorwaardelik aanvaar, mekaar begryp en mekaar leer vertrou. Dit vereis dat hulle hul wedersyds vir mekaar oopstel en bereid moet wees om te waag om hulself te wees in die teenwoordigheid van die ander. Dit vra ook dat hulle wedersydse verantwoordelikheid moet opneem vir mekaar se welsyn. In 'n terapeutiese groep vind ontmoeting plaas wanneer vertroue en groepsamehorigheid ontstaan. Verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters kry die geleentheid om hul maats waarlik te leer ken, te vertrou en te aanvaar. So word hul isolasie verbreek en ware kommunikasie vind toenemend vind. Vir hierdie dogters, wat gewoond is aan wantroue, verwerping, wanbegrip en vervreemding, is die belewing van ontmoeting binne 'n groep van besondere waarde.

### 3.4.8 Waarde-oordrag

Waarde-oordrag is die diepste sin van interpersoonlike kommunikasie, want kommunikasie is slegs sinvol as mense in hul omgang en ontmoeting met mekaar hoogs waardevolle lewensnorme aan mekaar oordra. Ware Christelike kommunikasie werk veredelend in op die mens en wek in hom die goeie. Groepterapie, onder die normatiewe leiding van 'n pedoterapeut, bied by uitstek die geleentheid vir die oordrag van waardes. Die hoogste menslike waardes word oorgedra wanneer die wesenskenmerke van interpersoonlike kommunikasie voltrek word. In die kern hiervan staan die opdrag: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

## 3.5 DIE GEBRUIK VAN ONTMOETINGSGROEPTEGNIEKE

### 3.5.1 Die noodsaaklikheid van 'n aktiwiteitsgerigte benadering

Volgens Ohlsen (1964:169) berus groepwerk met mense van alle ouderdomsgroepe op dieselfde basiese beginsels. Tog moet die terapeut sy tegnieke aanpas by die leeftydsfase van sy kliënte (Gazda, 1978:133), hul sosiale en emosionele volwassenheid, asook hul kommunikasiemoontlikhede.

In hierdie ondersoek is die keuse van groepterapeutiese tegnieke bepaal deur die feit dat die betrokke dogters

* pre-adolessente en adolessente is;
* oor 'n beperkte verbale en abstrakte denkvermoë beskik;
* geneig is tot emosionele labiliteit;
* afleibaar is, en
* 'n swak waaghouding het.

Die adolessent se aandagspan en vermoë om sterk gevoelens te verduur of te ontleed is beperk. Adolessente beleef dikwels hoë vlakke van angstigheid. Hulle leef hierdie spanning uit deur middel van aksie, eerder as om oor probleme na te dink. Die terapeut moet dus nie verwag dat 'n groep adolessente vir 'n langdurige tydperk op die hier-en-nou interaksie binne die groep of op die eksplorasie van intense gevoelens sal fokus nie. Die meeste adolessente in terapie vereis 'n aktiewe en rigtinggegewende benadering deur die terapeut (Wolberg & Aronson, 1980:157; Schlebusch, 1979:63).

Gazda (1978:134) wys daarop dat die riglyne en tegnieke wat gebruik word vir adolessente ook gebruik kan word ten opsigte van 13-jarige pre-adolessente. Aangesien die dogters in hierdie voorgestelde ondersoek wissel in ouderdom vanaf 13 tot 17 jaar, sal die tegnieke en benaderings wat geld vir adolessente geskik wees vir hierdie groep.

'n Aktiwiteits- en spelbenadering is ook in hierdie ondersoek gebruik. Gazda (1978:142) wys op die waarde van aktiwiteitsterapie, aangevul met gesprek, as groepterapeutiese tegnieke vir pre-adolessente, sowel as adolessente. Volgens Trojanowicz (1973:297) is aktiwiteitsterapie besonder geskik vir gedragsafwykende jeugdiges, omdat hulle dikwels verbaal gerem is en ook weerstand bied. Die groep kom bymekaar om deel te neem aan groepspeletjies of kunsaktiwiteite. Die pre-adolessent het 'n natuurlike belangstelling in spel en verwante aktiwiteite (Gazda, 1978:151). Spel is 'n geskikte wyse van kommunikasie by kinders wat probleme het om hulself tot uitdrukking te bring (Bosdell, 1973:31). Deur spel projekteer die kind sy lewensituasie. Dit lei tot 'n afname in psigiese spanning deur middel van fisiese katarsis en bied geleentheid vir interpersoonlike interaksie. Dit is 'n middel om die kind se versteurde belewenisse reg te stel, en hom ook her op te voed ten opsigte van die versteurde gedrag wat daaruit voortvloei (Pretorius, 1972:86; Gazda, 1978:142). Ook Vulsma (nie gedateerd: 122) en Wolberg en Aronson (1980:114) wys op die waarde van nie-verbale kommunikasie as 'n middel tot ontmoeting tussen jeugdiges. Spel leer kinders ook om saam te werk en dinge met mekaar te deel (Lask & Lask, 1981:135).

Die groepterapie het hoofsaaklik die vorm aangeneem van gestruktureerde oefeninge en groepspeletjies, soos dit vir die eerste keer beskryf is as ontmoetingsgroeptegnieke (Yalom, 1985:447-448). Gestruktureerde oefeninge word gedefinieer as enige aktiwiteit waartydens 'n groep spesifieke opdragte uitvoer. Die doel van oefeninge is om interaksie te versnel en behels tegnieke wat 'n persoon help om gouer by onderdrukte emosies uit te kom, (Yalom, 1985:447). Oefeninge word gebruik om die lede se aandag te vestig op die hier-en-nou gebeure in die groep, of om gebeure in die groep te verklaar. Dit word nie gebruik om emosie te skep nie. Die oefeninge kan hoofsaaklik verbaal of nie-verbaal wees. Alle nie-verbale oefeninge het egter wel 'n verbale komponent (Yalom, 1985:455).

Yalom (1985:455) wys daarop dat gestruktureerde oefeninge besonder geskik is vir korttermynterapie met gespesialiseerde terapiegroepe. Volgens Lakin (1985:160-161, 168-169) word gestruktureerde oefeninge deur die meeste terapeute aanbeveel vir groepwerk met adolessente.

In hierdie studie is hoofsaaklik gebruik gemaak van die ontmoetingsgroepoefeninge wat deur Lennox (1982:162-213) saamgestel is vir groepterapie met kinders in terapeutiese inrigtings. Hierdie oefeninge word reeds oor 'n tydperk van agt jaar gebruik vir groepterapie in die kliniekskool waarop hierdie ondersoek betrekking het. Vermeulen (1989:138-139) het ook van ontmoetingsgroeptegnieke gebruik gemaak in sy ondersoek na die verwesenliking van die opvoedingsdoel by verstandelik gestremde, gedragsgeremde jeugdiges in die kliniekskool waarop hierdie studie betrekking het.

Vervolgens word die teoretiese agtergrond van die tegnieke wat gebruik is kortliks bespreek. Die tegnieke wat gebruik is word ook uiteengesit.

### 3.5.2 Teoretiese agtergrond

Die tegnieke wat gebruik is berus hoofsaaklik op die uitgangspunte van die kliëntgesentreerde benadering, gestaltterapie en psigodrama.

#### 3.5.2.1 Kliëntgesentreerde groepterapie

Carl Rogers is die vader van kliëntgesentreerde groepterapie. Rogers was van mening dat selfverwesenliking die mens se sterkste behoefte en dryfkrag is (Rogers, 1979:487-491). Deur verhoogde selfbewussyn en interaksie met andere groei die mens se vermoë tot selfverwesenliking.

Die doel van die kliëntgesentreerde groep is om 'n veilige klimaat te skep, waarbinne die lede hulle gevoelens kan eksploreer,

om lede bewus te maak van nuwe ervarings en om vertroue in hulle eie vermoëns te ontplooi. Groeplede word aangemoedig om openlik, eerlik en spontaan op te tree, sodat hulle die ander kan ontmoet in die hier-en-nou van die groep en so gevoelens van eensaamheid en vervreemding kan oorkom.

Klem val in die groep op die terapeut se houding en optrede. Daar word nie gebruik gemaak van voorafbeplande, gestruktureerde tegnieke nie. Die rol van die terapeut is om aktief te luister, gevoel te reflekteer, die groepgebeure te verduidelik, steun te gee en "daar te wees" vir die kliënt. Die terapeut bly te alle tye nie-rigtinggewend (Rogers, 1970:113-116; Corey, 1985:452, 462).

Tydens groepterapie aan verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters was veral die gesprekstegnieke, soos dit hierbo uiteengesit is, van groot waarde; die dogters het beleef dat hulle openlik kon praat en dat daar vir hulle begrip is.

#### 3.5.2.2 Gestaltterapie

Die woord "gestalt" is deur Fritz Perls gebruik om sy konsep van menslike funksionering te beskryf. Hy was van mening dat die mens strewe na "voltooidheid". Enigiets wat die mens se gevoel van voltooidheid belemmer, beleef die mens as "onvoltooide sake". Die mens se sterkste strewe is om die onvoltooide "gestalte" in hulle lewe te voltooi. Dit wat onvoltooid is beheer die mens se gedrag, daarom moet die mens daarvan bewus wees. Dit sluit ook onvervulde behoeftes en ideale in (Lennox, 1982:172-173). Individue moet binne die groep konsentreer op hul ervarings van oomblik tot oomblik, sodat hulle aspekte van die self wat ontken is, kan erken en integreer (Corey, 1985:452). Veral aksiegerigte tegnieke word in gestaltgroepe gebruik.

Die kind in 'n terapeutiese inrigting se fisiese en psigiese behoeftes is meesal nie vervul nie. Die gestaltbenadering kan dus

van besondere waarde wees om die kind geleentheid te gee om sy nood in hierdie verband tot uiting te bring.

#### 3.5.2.3 Psigodrama

Psigodrama is 'n tegniek wat ontwikkel is deur Jacob Moreno. Moreno was van mening dat die individu, deur sy konflikte in groepverband soos 'n drama op te voer, die geleentheid kry om die konflik vanuit verskillende hoeke te benader en so 'n oplossing te vind (Lennox, 1985:178). Die kliënt, wat in psigodrama bekend staan as die protagonis, kies 'n belangrike aspek uit sy lewe wat hy wil dramatiseer. Die ander groeplede vertolk die rolle van die ander betrokkenes in die kliënt se lewe. Hulle staan bekend as die hulp-egos. Die kliënt verskaf die nodige inligting sodat die rolle korrek vertolk kan word. Die drama word dan gespeel voor die groep, wat as gehoor optree en wat later bespreek wat gebeur het. Die drama bied geleentheid tot die uiting van onderdrukte gevoelens en houdings. Dit verskaf ook aan die individu 'n geprojekteerde beeld van homself, sodat hy homself beter kan verstaan (Douglas, 1976:188-189). Dit help ook die persoon om nuwe, meer effektiewe gedragswyses aan te leer (Corey, 1985:452; Sullivan, 1946:296-305; Schlebusch, 1979:68).

Sarbin (1946:393) het bevind dat verstandelik gestremdes deur middel van psigodrama kan leer om meer doeltreffend op te tree in sosiale situasies. Volgens Trojanowicz (1973:288) het rolspel ook besondere waarde ten opsigte van gedragsafwykende jeugdiges, omdat hulle moeilik tot selfinsig kom.

## 3.6 TEGNIEKE WAT GEBRUIK IS

'n Groot verskeidenheid tegnieke is gebruik, ontleen aan die werk van Lennox (1982). Michal-Smith <u>et al</u>. (1957:206) wys op die waarde van 'n kombinasie van aktiwiteite en verbale deelname om verstandelik gestremdes te help om te kommunikeer. Die dogters het geleentheid gekry om deurlopend verbaal te reageer op gebeure soos wat dit plaasgevind het tydens en na sessies. Die terapeute

self het dikwels kommentaar gelewer oor belangrike gebeure, sodat die dogters groter insig daarin kon verwerf. In Bylaag iii word die spesifieke oefeninge wat gebruik is weergegee.

### 3.6.1 Liggaamlike beweging

Deur middel van liggaamlike beweging kry die groeplede 'n geleentheid om te leer deur ervaring, wat veral vir die verstandelik gestremde dogter van besondere belang is. Bewegings verskaf pret en laat die groep ontspan. Alle lede kan ook gelyktydig daardeur betrek word (Lennox, 1982:182-183; Jacobs et al, 1988:170, 172; Beyers & Vorster, 1985:29).

### 3.6.2 Aanraking

Burton (1972:132) wys daarop dat die mens wat terapie ontvang 'n behoefte het aan liggaamlike aanraking. Dit geld veral ten opsigte van die opvoedingsverwaarloosde kind, wat steeds smag na bemoedering en fisiese vertroeteling. Die terapiegroep maak aanraking toelaatbaar en selfs wenslik. Wolberg en Aronson (1980: 114) wys daarop dat fisiese kontak dikwels meer effektief is as woorde om empatie oor te dra. Fisiese aanraking moet egter nooit gedwonge of kunsmatig wees nie (Corey, Callanan en Russell, 1988:22-24). Fisiese aanraking maak deel uit van sommige oefeninge.

### 3.6.3 Rondtes

Die rondte is 'n aktiwiteit waartydens elke groeplid gevra word om op 'n sekere wyse te reageer op 'n taak wat deur die leier gestel word. Volgens Jacobs et al. (1988:141) is die rondte die mees waardevolle groepterapeutiese tegniek. Die waarde van rondtes lê daarin dat dit gebruik kan word om

* groeplede se aandag te vestig op 'n besondere aspek;
* alle lede in die groep te betrek;
* inligting te verkry;

* groeplede gemaklik te laat voel;
* vertroue en groepsamehorigheid te versterk;
* oefeninge te struktureer;
* persone wat moeilik praat aan te moedig, en
* op te som wat in die groep gebeur het.

In 'n groep verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters lê die waarde van hierdie tegniek veral daarin dat dit struktuur skep waarvolgens hulle kan handel. Verder bied dit aan hulle die nodige steun om te waag. Rondtes is beperk tot bekendstelling van hulle gesinsituasie, enkelsin antwoorde op vrae oor hulself, die voltooiing van sinne en bespreking van wat in die groep gebeur het. Deelname aan rondtes was egter te alle tye vrywillig.

### 3.6.4 Die geslote kring

Die groep vorm 'n sirkel en staan styf teen mekaar. Een lid staan binne die kring en probeer uitbreek, terwyl 'n ander lid buite die kring staan en probeer inbreek (Lennox, 1982:199). Gevoelens wat tot uiting kom is die van "vasgevangenheid" en "uitgeslotenheid". Dit kan groeplede bewus maak van hoe hulle gewoonlik voel en dat mense soms uitgesluit of vasgevang kan voel (Roets, 1990b: 103).

### 3.6.5 Psigodrama (Rolspel)

Rolspel is alreeds in paragraaf 3.5.2.3 uiteengesit. Hierdie tegniek het besondere waarde vir verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters, omdat

* dit hulle help om op meer effektiewe wyse 'n situasie te beskryf en hul gevoelens te kommunikeer;
* dit hulle help om hulself te sien soos andere hulle sien, en dus meer objektief te wees teenoor hulself;
* dit hulle wys hoe andere reageer op die gedrag wat hulle voorstel;

* dit hulle help om deur konkrete aanskouing en ervaring sosiale vaardighede, probleemhantering en nuwe gedragswyses aan te leer (Ohlsen, 1964:174-178), en
* dit hulle leer om minder egosentries te wees en empatie te hê met andere (Lakin, 1985:58).

### 3.6.6. Samewerking en probleemoplossing

Om groeplede 'n geleentheid te gee om saam probleme op te los, moes hulle 'n legkaart pak, 'n groepstorie vertel, spanspeletjies speel en kaarte met nommers rangskik (Lennox, 1982:188-180). Die metodes wat die groep gevolg het en die faktore wat probleemoplossing verhinder het, word na die oefeninge bespreek.

### 3.6.7 Skeppende aktiwiteite

Skeppende aktiwiteite is 'n vorm van spel en bied dus aan die dogters geleentheid tot uiting van hulle belewenisse. Die veilige ruimte van die terapiegroep maak spontane kreatiwiteit moontlik. Die kreatiewe mens is 'n vrygeworde mens (De Wet et al., 1981c: 355). Skeppendheid is deurlopend tydens terapie aangemoedig in die uitvoer van aktiwiteite op individuele wyse, probleemoplossing, rolspel, tekenwerk en mimiek. Die dogters is ook aangemoedig om selfstandig te dink.

## 3.7 DIE WAARDE VAN HULPTERAPEUTE

Die hulpterapeut werk saam met die groepleier, gewoonlik in die rol van waarnemer en ontleder. Deur as waarnemer op te tree kan die hulpterapeut objektiewe evaluerings maak aangaande die groep. Hy kan soms ook as leier optree om die werk van die groepleier aan te vul (Douglas, 1976:179; Trojanowicz, 1973:292). Wanneer die groepleier nie 'n sekere idee duidelik oorgedra het nie, kan die hulpterapeut toetree en verder verduidelik (Lakin, 1985:119). Verskillende leiers gee aan die groep geleentheid om op verskillende wyses te funksioneer (Corey et al, 1988:28).

'n Bespreking na elke sessie tussen die verskillende leiers is ook van onskatbare waarde om oor die vordering van die groep te besin en om verdere strategieë te beplan (Lakin, 1985:119).

Lennox (1982:5) en Corey et al. (1988:29) wys daarop dat die personeel se vermoë om empatie en aanvaarding teenoor mekaar te betoon 'n positiewe invloed het ten opsigte van die interpersoonlike klimaat in die inrigtinggemeenskap. Die agting wat die hulpterapeute teenoor mekaar betoon sal 'n baie sterk invloed hê op die wyse waarop die kinders teenoor mekaar optree. Die verhouding van onderlinge vertroue, samewerking en respek wat bestaan tussen die terapeute wat betrokke was by hierdie ondersoek was dus vir die betrokke dogters van waarde.

## 3.8 DIE EVALUERING VAN GROEPTERAPIE

Vir die navorsing van groepterapie is evaluering van wesenlike belang. Evaluering beteken om 'n waarde toe te ken aan iets. Wanneer 'n numeriese waarde toegeken word, vind **kwantitatiewe** evaluering plaas (De Wet, Monteith, Steyn & Venter, 1981:124; Fowler & Fowler, 1968: 417). Groepterapie kan egter ook **kwalitatief** geëvalueer word deurdat opgeleide waarnemers die groepterapeutiese gebeure noukeurig beskryf en klinies evalueer (Corsini, 1957:137; Venter, 1974:85).

Omdat dit gaan oor menslike gedrag, is die evaluering van groepterapie uiteraard 'n besonder moeilike taak. Behalwe dat groepterapie saamgestel is uit verskillende teorieë en metodes, is die metodes van evaluering besonder kompleks (Corsini, 1957:136). By die evaluering van groepterapie gaan dit daaroor om te probeer bepaal of die terapeutiese veranderinge wat beoog is wel plaasgevind het (Lakin, 1985:202). In die Sielkunde is daar drie uitgangspunte in die wyse waarop hierdie terapeutiese veranderinge geëvalueer word, naamlik:

* Evaluering van die **effekte** van groepterapie **na afloop** van terapie (resultaatevaluering);

* evaluering van die **interpersoonlike interaksie tydens** terapie; (prosesanalise);
  **terugvoer** van die **kliënte** self oor die effek wat die terapie op hulle gehad het (selfverslaggewing).

(Yalom, 1985:4-6; Jacobs et al., 1988:305)

Vervolgens word hierdie metodes kortliks uiteengesit.

### 3.8.1 Die evaluering van resultate

Die mees algemene strategie wat gebruik word by die navorsing van groepterapie, is om die veranderlikes wat gedurende groepterapie voorkom te korreleer met die **uiteindelike effekte** van terapie (Yalom, 1985:4-6). Hierdie metode staan in die sielkundige navorsing bekend as **resultaatevaluering** (Heyns, 1971:5-14).

Navorsers wat resultate effektief bestudeer maak meesal gebruik van die voor-en-na-terapie tipe eksperimentele ontwerp (Venter, 1974:10). Dit behels die gebruik van kontrolegroepe, of die gebruik van die veelvuldige-voor-en natoets ontwerp, sonder die gebruik van 'n kontrolegroep (De Wet, et al., 1981b:101-104).

Hierdie eksperimentele metode bied die beste geleentheid vir wetenskaplike kontrole ten opsigte van die betroubaarheid en geldigheid van die navorsingsresultate. Daar is egter ook ten opsigte van hierdie metode vele inherente probleme. Volgens Yalom (1985:4-6) is die meting van resultate 'n "metodologiese moeras". Dit geld ook ten opsigte van die seleksie en meting van veranderlikes tydens terapie. Die voor-en-natoetsmeting van terapeutiese effekte vereis besondere fyn en betroubare meetinstrumente (Kiesler, 1971:46). Sulke meetinstrumente is nie beskikbaar vir gebruik by verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters nie.

Verder is die verbetering van interpersoonlike waarnemings, opvattings en gedrag 'n langtermyn groepterapeutiese verhouding. Dit geld veral vir persone wie se interpersoonlike verhoudinge verarmd of versteurd was (Yalom, 1985:283; Venter, 1974:13). Die

verarmd of versteurd was (Yalom, 1985:283; Venter, 1974:13). Die groepterapie wat in hierdie ondersoek toegepas is, kan beskou word as korttermyngroepterapie (Gouws et al., 1982:162). Dit sal dus onrealisties wees om te verwag dat dit sou lei tot meetbare terapeutiese veranderings (Corsini, 1957:147). **Daar is dus nie probeer om die uiteindelike effekte van terapie te evalueer met behulp van voor-en-natoetsing nie.**

### 3.8.2 Evaluering van die interpersoonlike interaksie tydens groepterapie

'n Tweede erkende metode om groepterapie te evalueer behels die **deurlopende** evaluering van die **interpersoonlike interaksie** wat plaasvind tydens groepterapie. Hierdie metode staan in die Sielkunde bekend as **prosesanalise** (Heyns, 1971:5-14; Venter, 1974: 77). "Proses" verwys na die manier waarop die groepinteraksie verloop in die hier-en-nou. Die groepinteraksie is 'n weerspieëling van die aard van die verhoudinge tussen die individue in die groep. (Douglas, 1976:97; Yalom, 1985:137; Venter, 1974:77). Omdat menslike interaksie 'n gebeure is en nie 'n proses nie, word die terme interpersoonlike interaksie, groepinteraksie, kommunikasiegedrag, of kommunikasiegebeure verkies. Aangesien groepinteraksie tydens groepterapie veronderstel is om 'n terapeutiese effek te hê op die groeplede, kan daar in hierdie verband ook van groepterapeutiese interaksie of groepterapeutiese gebeure gepraat word.

Die bogenoemde evalueringsmetode hou sekere voordele in ten opsigte van groepterapie. Kiesler (1971:45-46) wys daarop dat gedragsverandering wat kurwelineêr verloop meer betroubaar aangedui sal word deur herhaalde evaluerings as deur slegs voor-en-natoetsing. Deurlopende evaluering stel die terapeut ook in staat om te bepaal in watter mate die doelstellings ten opsigte van individuele lede bereik word met verloop van terapie (Rose, 1988: 448).

Die evaluering van groepterapeutiese interaksie geskied aan die hand van deurlopende **waarneming** en **kliniese evaluering** deur die groepterapeut of -terapeute. Kliniese evaluering kan kwantitatief van aard wees, soos byvoorbeeld numeriese evaluering op 'n gedragsevalueringskaal. Dit kan egter ook kwalitatief geskied by wyse van subjektiewe beskrywings van die groepterapeutiese gebeure. Die kliniese evalueringsmetode kan toegepas word sonder die gebruik van 'n kontrolegroep.

Gouws et al. (1982:73), Landman (1980:105) en Brown (1970:416-421) dui observasie aan as 'n geldige opvoedkundige navorsingsmetode. Jacobs et al. (1988:307), Lakin (1985:203), Rogers (1970:133) en Kolko, Luar en Sturnick (1990:739-740) beskou die oordeel van die groepterapeut as 'n geldige metode om groepterapie te evalueer. Volgens Douglas (1976:96-97) is kommunikasiepatrone in 'n groep ook redelik maklik waarneembaar. Ook volgens Opalic (1990:187) is die kliniese evaluering van groepgedrag 'n geldige navorsingsmetode, omdat dit iets weerspieël van die individu se gedrag in sy leefwêreld. Callias (1990:877) wys daarop dat die meeste evaluerings van groepterapie met kinders van kliniese aard is.

Die nadeel van die kliniese evaluering van groepterapie is dat terapeute nie werklik objektiewe waarnemers is nie. Hulle waarnemings veral, word beïnvloed deur hul eie interpretasies van die konstrukte wat hulle moet beoordeel. Waarneming is dus nie 'n verfynde navorsingsmetode nie (Yalom, 1985:4-6). Die stappe wat gedoen is om waarnemingsobjektiwiteit te verhoog word uiteengesit in paragraaf 4.7.1.5.

Die tweede nadeel van hierdie navorsingsmetode is dat die beoordelingskale wat gebruik word dikwels onbetroubaar en ongeldig is. Die stappe wat gedoen is om die geldigheid en betroubaarheid van die gedragsevalueringskaal wat in hierdie ondersoek gebruik is te verhoog, word in paragrawe 4.7.1.3 en 4.7.1.4 uiteengesit.

Die doel van hierdie ondersoek was nie om ingrypende persoonlikheidsverandering of gedragsverandering te bestudeer nie, maar om te bepaal of daar verbetering is ten opsigte van die dogters se interpersoonlike kommunikasiegedrag tydens terapie. Daar is dus hoofsaaklik gebruik gemaak van die metode van **deurlopende kliniese evaluering** (prosesanalise) van die groepterapeutiese interaksie. Volgens Kiesler (1971:45) stem evaluering van die uiteindelike effek van groepterapie (resultaatevaluering) en evaluering van die groepterapeutiese interaksie (prosesanalise) wesenlik ooreen in die sin dat beide metodes die evaluering van die effekte van groepterapie behels. Die statistiese berekening van die herhaalde evaluerings van groepinteraksie wat tydens hierdie ondersoek gedoen is kan dus wel as 'n vorm van resultaatevaluering beskou word.

### 3.8.3 Selfverslaggewing

Selfverslaggewing behels die verkryging van inligting van individue met behulp van vraelyste, onderhoude en skale (Landman, 1980: 105,106). Selfverslaggewing fokus op die belewinge van die individu tydens groepterapie, asook op die invloed wat groepterapie het op die individu se lewe buite die groep. Navorsers is van mening dat selfverslaggewing van groot waarde is vir die evaluering van groepterapie. Volgens Rogers (1970:126) gee selfverslaggewing die diepste insig in wat die groepervaring vir die individu beteken het. Ook skrywers soos Lakin (1985:202), Douglas (1976:191), Yalom (1985:4-5), Corey et al. (1988:44), en Jacobs et al. (1988:307) erken selfverslaggewing as 'n geldige metode om groepterapie-effekte te evalueer.

'n Beperking van hierdie metode is dat kliënte se oordeel subjektief is. Hul evaluering word ook beïnvloed deur hul verhouding tot die groep en die terapeut, die tydperk wat die terapie geduur het, ouderdom, die vlak van die kliënt se funksionering in die groep en die tydsverloop na terapie. Nogtans is hierdie metode volgens Yalom (1985:4-5) 'n ryk en onderbenutte bron van inligting, veral wanneer die terapeut daarin kan slaag om die erva-

ringswêreld van die kliënt binne te dring. Selfevalueringsvrae moet dus gerig wees op dit wat werklik in die groep beleef word (Lakin, 1985:203).

Die nadeel van hierdie metode ten opsigte van verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters is hul beperkte selfinsig en hul beperkte vermoë om wat hulle weet te verbaliseer. Die voordeel andersyds is dat daar 'n besondere vertrouensverhouding bestaan tussen die terapeut en die dogters. Dit het die terapeut in staat gestel om tot 'n redelike mate die ervaringswêreld van die betrokke dogters te betree en so te bepaal hoe elke dogter die terapie beleef het. Selfverslaggewing kon dus sinvol benut word as 'n aanvullende evalueringsmetode ten opsigte van hierdie ondersoek.

### 3.8.4 Samevatting

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat die kliniese beskrywende benadering van sielkundiges in die praktyk verskil van die objektiewe, statistiese benadering van navorsers (Heyns, 1971:4). Callias (1990:882-883) wys daarop dat beide die beskrywende benadering, sowel as gesofistikeerde vergelykende studies, beperkinge het ten opsigte van die metodes wat gebruik word. Dit blyk dus dat daar geen waterdigte, absoluut betroubare metode is om groepterapie te bestudeer en te evalueer nie (Kiesler, 1971:45). Navorsing dui daarop dat al drie die metodes wat hierbo uiteengesit is van waarde is vir die bestudering van groepterapie (Jacobs et al, 1988:307).

Die wyse waarop groepterapie in hierdie ondersoek geëvalueer is, word meer volledig uiteengesit in paragraaf 4.6.

## 3.9 SAMEVATTING EN DERDE PROBLEEMFORMULERING

In hierdie hoofstuk is uiteengesit op watter wyse verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters in 'n kliniekskool moontlik met behulp van groepterapie gehelp kan word om meer toereikend met

hul leeftydgenote te kommunikeer. Daar is aangedui dat daar **terapeutiese faktore** werksaam is tydens effektiewe groepterapie. Verder is 'n **navorsingsoorsig** gegee van groepterapie wat betrekking het op **verstandelik gestremde kinders, gedragsgeremde adolessente** in **terapeutiese inrigtings**. Verbeterde interpersoonlike **kommunikasie** as **doelstelling** van groepterapie, is uiteengesit. Daar is aangetoon dat 'n **gestruktureerde benadering**, soos wat dit veral gebruik is in die ontmoetingsgroep, waarskynlik die mees geskikte metode van groepterapie is by die betrokke dogters. Enkele **tegnieke** is bespreek. Die waarde van **hulpterapeute** is ook uiteengesit. Laastens is 'n besonder belangrike aspek, naamlik die **evaluering** van groepterapie, bespreek.

Die **derde probleemstelling** kan soos volg geformuleer word:

* Sal groepterapie aan verstandelik gestremde, gedragsgeremde adolessente dogters in 'n kliniekskool die geleentheid bied om in kommunikasie te tree met hul leeftydgenote binne die groep, en sal daar toenemende ontplooiing van hul kommunikasievermoëns plaasvind?

* Sal hierdie ontplooiing geëvalueer kan word aan die hand van 'n evalueringskaal, die beskrywende subjektiewe evaluering van die groepgebeure en selfverslaggewing?

In die volgende hoofstuk sal probeer word om hierdie vraag te beantwoord.